## Die toekoms tegemoet: die onversetlike vasberadenheid van SA se jeug

**Phiwokuhle Qabaka***

Junie is van besondere belang vir jongmense in Suid-Afrika, omdat dit die maand is wanneer ons Jeugdag herdenk. Ons moet nie net besin oor die vordering wat gemaak is nie, maar ook oor die volgehoue uitdagings sedert die historiese gebeure van 16 Junie 1976. Op daardie dag het duisende jongmense in die land teen die onderdrukkende apartheidsregime verenig en geregtigheid, gelykheid en die reg op onderwys van gehalte geëis. Ten spyte van die verloop van tyd, bly die stryd wat die destydse jeug die hoof moes bied, steeds relevant en dringend.

Wanneer ek aan 16 Junie dink, word ek herinner aan die woorde van uTata Nelson Mandela, wat gesê het: "Ons kinders is die rots waarop ons toekoms gebou sal word, ons grootste bate as ʼn nasie." Tóg word baie van hierdie rotse nie gepoleer nie en die geleentheid ontneem om hulle potensiaal ten volle te verwesenlik. Dit blyk duidelik uit ons land se hoë werkloosheidsyfer, veral onder jongmense – 45% volgens die jongste statistieke van Statistieke SA. Die nalatenskap van apartheid gooi steeds ʼn lang skaduwee, met sistemiese en sosio-ekonomiese ongelykhede wat die jeug buite verhouding beïnvloed.

Ofskoon Suid-Afrika se onderwysstelsel aansienlike transformasie oor die afgelope 30 jaar ondergaan het, is daar steeds talle struikelblokke, met finansiële uitsluiting as een van die belangrikste hindernisse om ʼn inklusiewe en billike leeromgewing te skep. Die Fees Must Fall-beweging was ʼn deurslaggewende oomblik wat nasionale aandag getrek het. Dit is in 2015 deur passievolle studente oor die land heen gelei in reaksie op die stygende koste van hoër onderwys. "Gratis gedekoloniseerde onderwys van gehalte" is geëis.

Maar ek vra myself dikwels af of ons dit werklik bereik het. Almal het geglo die kompromie het gekom toe die Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente (NSFAS) in 2017 aangekondig het dat die huishoudelike inkomstedrempel van R180 000 tot R350 000 verhoog sal word. Boonop dat die skema nie meer ʼn lening is nie, maar ʼn beurs. Hoewel dit die skema in staat gestel het om meer studente te finansier, kan baie studente steeds nie toegang tot hoër onderwys kry nie. Hierdie studente, wat as die sogenaamde "verlore middel" beskou word, is te ryk vir NSFAS en te arm vir studielenings.

Ek noem dit ʼn kompromie, want nege jaar later staar dieselfde probleem ons in die gesig. Universiteitsgelde bly styg en min werk is gedoen om ʼn omvattende finansieringsmodel te vind om te verseker dat akademies verdienstelike studente gelyke geleenthede het om hoër onderwys na te jaag. In plaas daarvan sien ons hoe NSFAS ineenstort omdat daar geen plan is om die geld wat gebruik is, terug te kry nie.

Die nuwe regering moet dit oorweeg om ʼn model te skep wat gegradueerdes in die ekonomie opneem. So ʼn model sal die regering en die private sektor toelaat om hande te vat. Wanneer gegradueerdes in diens geneem word, kan hulle deur belasting aan die ekonomie teruggee, wat ʼn volhoubare bron sal skep om hoër onderwys te finansier.

Ons moet ons jeug ook met doelbewuste vaardighede toerus. Nie almal sal universiteit toe gaan nie. Ons moet kolleges vir tegniese en beroepsgerigte onderwys en opleiding (TBOO)

ook bevorder omdat hulle ’n deurslaggewende rol in ons samelewing speel. Hulle primêre doel is om studente met die praktiese vaardighede en kennis toe te rus wat nodig is om die arbeidsmag te betree. Meer entrepreneurskapontwikkelingsprogramme is nodig om hierdie studente aan te moedig om hulle eie ondernemings te begin deur die vaardighede te gebruik wat hulle bekom het. Dit sal tot werkskepping en verdere ekonomiese ontwikkeling lei.

Onderwys, wat dikwels as die groot gelykmaker beskou word, ontwyk baie jong Suid-Afrikaners steeds. Beperkte toegang tot onderwys van gehalte perpetueer die kringloop van armoede, misdaad en geweld, wat sosiale mobiliteit belemmer.

In die lig van hierdie uitdagings is die veerkragtigheid en vasberadenheid van die jeug onwrikbaar. Dit was duidelik op 29 Mei 2024, toe baie studente, ek ook, in lang rye gestaan het om hulle stemreg uit te oefen vir ’n regering wat hulle glo ’n positiewe verandering sal maak. Om my stem uit te bring was my vorm van protes om my frustrasie uit te druk oor hoe dinge tans in ons land bestuur word. Die uitslae van die sewende demokratiese nasionale en provinsiale verkiesings is ’n bewys van die mag waaroor ons as jong mense beskik en dat ons stemme saak maak. Soos Hector Pieterson, ’n ikoon van die Soweto-opstand van 1976, eens gesê het: “Ons is nie bang nie.” Die jeug gaan voort om te mobiliseer, voorspraak te maak en verandering te eis.

Noudat ons ons stemme verhef het deur te stem, moet ons ons aandag verskuif na die redding van ons land. As jongmense behoort ons dit te doen met behulp van ons tersiêre kwalifikasies en die ondersteuning van ’n gewillige regering. Ons het byvoorbeeld duisende gegradueerdes in die vervoersektor wat nuwe, innoverende idees kan voorstel om ons huidige openbare vervoerkrisis op te los. Die verbetering van openbare vervoer sal die hoeveelheid geld wat huishoudings aan vervoer bestee, verminder en sodoende die welstand van miljoene Suid-Afrikaners verbeter.

Ons toekoms is blink en wemel van moontlikhede. Maar as ons die mees ongelyke samelewing in die wêreld bly met die meeste van ons mense wat nie ekonomies vry is nie, sal daar geen vrede in ons land wees nie. Jeugdag moet dien as ’n herinnering aan die dringende behoefte om die fundamentele probleme aan te pak wat ons jongmense kniehalter. Ons is diegene wat ly weens korrupsie, die stygende koste om ’n kwalifikasie te bekom, werkloosheid en die toename in geslagsgebaseerde geweld. Ons moet dus aanhou om ons rol te speel en die opofferings van ons voorgangers te eer deur ’n beter môre vir toekomstige geslagte te bou.

***Phiwokuhle Qabaka is ’n BCom-honneursstudent en voorsitter van die Studenteraad van die Universiteit Stellenbosch. Die menings wat uitgespreek word, is dié van die skrywer en weerspieël nie noodwendig dié van die US nie.**